

## “KANTELKOMPAS” VAN D. J. OPPERMAN — ENKELE ASPEKTE

Die motoriese moment van D. J. Opperman se gedig “Kantelkompas” uit **Edms. Bpk.** vind ’n mens reeds in die eerste strofes: “Die stemming het handomdraai verander/waar vissermanne en vakansiegangers/tussen Danger Point en Kaap Agulhas/werskaf of rinkink — die see stil, waterpas —/toe onverwags ’n blinde brander//Doors se **Bokkie** tref en hy verdrink . . .” Die basis van die gedig is dus nie ’n gevoel of idee nie, maar ’n gebeurtenis. In hierdie opsig kom “Kantelkompas” dus ooreen met ’n vroeë gedig soos “Shaka” (**Heilige beeste**), maar ook met latere en groter gedigte soos **Joernaal van Jorik** en “Blom van die baaierd” (**Blom en baaierd**). By laasgenoemde twee sluit dit trouens ook in formele opsig aan — die opbou uit vyf reëlige strofes. Hier wil ek egter die lig laat val op die gebeurtenis en meer spesifiek op die vraag wat daarmee uitgerig word. Bly die gedig in die gebeurtenis van Doors se verdrinking steek, soos “Shaka” eintlik maar ’n uitbeelding bly van gebeurtenisse uit dié Zoeloeleier se lewe, of word dit meer, soos **Joernaal van Jorik** en “Blom van die baaierd”?

In besprekings van **Joernaal van Jorik** is meer as eenmaal gevra of dit epos is. In sy **Dictionary of literary terms** omskryf Harry Shaw die epos só: “A lengthy narrative poem in which action, characters, and language are on a heroic level and style is exalted and even majestic. Major characteristics of an epic are (1) a setting remote in time and place, (2) an objective, lofty, dignified style, (3) a simple plot, (4) a central incident (or series of incidents) dealing with legendary or traditional material, (5) a theme involving universal human problems, (6) a towering hero of great stature, (7) superhuman strength of body, character, or mind, (8) supernatural forces entering the action” (Shaw, 1972, bl. 137). Sonder om spesifiek die vraag of ons by “Kantelkompas” met ’n epos in die klein te doen het te probeer beantwoord, wys ek op twee sake in hierdie verband. Eerstens word Doors in die gedig ’n legendariese figuur: “Die vyfde dag met die getyewende/het hy, wat nooit kon swem, tot by die bekende/plek waar hy gewoon was al die jare/om van die skuithuis uit te vaar,/sy grootste swem geswem — reeds ’n legende”. Tweedens betrek “Kantelkompas” universele menslike probleme, en daarmee is ons terug by die tema van hierdie artikel. Opperman slaag naamlik wel deeglik daarin om op subtiele wyse bo die Doors-insident uit te styg. Nie net word daar in Doors ’n hele geskiedenis van skeepsrampe saamgetrek of sekere sosiale vraagstukke geprojekteer nie. In en deur hom kry ons ook ’n blik op ’n sentrale probleem in die menslike bestaan: dié van dood en verganklikheid.<sup>1</sup> Die verskillende drade lê egter nie los van mekaar nie, maar is met mekaar verstrengel. Daarin lê deels ook die geslaagdheid van die gedig.

Dood en verganklikheid is natuurlik ’n tema wat dwarsdeur die bundel loop. Reeds die titelgedig, “Edms. Bpk.” bevat iets hiervan met sy gedagte van menslike besit wat geen ware besit is nie, maar slegs iets relatiefs is: “Ek het ’n stukkie grond gekoop/met melkhout op;

1. Op die ander kant van die saak wat in die gedig (en die bundel) ter sprake kom — die voortleef in ander vorme — word hier nie ingegaan nie.

dit afgekamp/en teen die hek 'n naam geverf/sodat verbygangers besef:// Dis Dirk se erf.//Janfiskaal sit op my melkhoutboom,/sit op 'n kruin, sit op 'n rots,/en proklameer in sy lied/soggens en saans luidkeels:/'Dis my gebied'.//Bakkapel glip uit my melkhoutbos,/verby die kruin, verby die rots,/en teken op sandkolle waar hy kom/oral in ouderwetse skrif:/'Alles . . . alles my eiendom". Net soos in "Kanarie" klink die gedagte van dood en verganklikheid ook sterk deur in die siniese "Wrewelwiel": "Man wil 'n motor hê/motor wil 'n nooi hê/nooi wil 'n huis hê/huis wil 'n hond hê/hond wil 'n been hê/been wil 'n gat hê/gat wil 'n man hê". "Wit duiwelin" en "Mev. H. S. M. Opperman" bring eweneens die gedagte na vore soos ook die motto uit die tweede "Egidiuslied" by "Stem uit die spelonk": "O cranc onseker broosch enghien,/snee of glas als dijn nature!" (ongeveer: "O swak, onseker mens,/snee of glas wat betref jou natuur!"). En nou word deur die Doors-insident ook aan hierdie gedagte gestalte gegee. Dit gebeur op drie vlakke: 1. dié van die skeepsrampe, 2. dié van Doors en sy vriende, en 3. dié van die Bybelse verwysing.

### 1. Die vlak van die skeepsrampe.

Reeds in die eerste strofes van "Kantelkompas" word nie net van Doors en sy Bokkie se ongeluk vertel nie. Immers, in reël drie reeds is daar sprake van Danger Point, 'n omgewing wat nie verniet sy naam gekry het nie: "Reefs and sunken rocks running out to sea in this vicinity are most dangerous to vessels hugging the land too closely" (SESA, deel 3, bl. 559). By implikasie word Doors dus reeds een van baie, en dan volg die feit ook eksplisiet: ". . . toe onverwags 'n blinde brander//Doors se **Bokkie** tref en hy verdrink,/soos honderde reeds voor hom, sink,/sink deur buie van dié kusgebied, die drif/wat lank stil lê en dan opbeuk teen 'n rif,/sodat die strand weer van die dodes stink"<sup>2</sup> En so klink hierdie gedagte, dat Doors maar net een van vele is, dus maar net 'n soort verteenwoordiger is, telkens in die gedig deur, dan deur suggestie, dan meer eksplisiet. So lees 'n mens: "Verborge in die seegedruis spat die geskreeu/op teen die kus/van mens en meeu,/en soggens op die getyestreek,/bros oor die seebamboese, breek/van opgeblaaide perd en lyke die groen reeu". Naas die suggestiewe uitbeelding staan die uitdruklike uitspraak van die feit deur een van die karakters self. Let ook op die gedagte van 'n bepaalde solidariteit met die dooies wat uit sy woorde spreek: "'Hy's bokkeról, net één . . . In hierdie plek/lê baie van **ons**, honderde **gevrek**./Dis van toeka vissermanne en troepe /uitgespoel in al die sloepe . . ."

Die uitspraak van hierdie karakter word gerugsteun deur die terugkerende beeld van historiese gevalle van skeepsrampe. In strofes drie tot vyf lees ons naamlik die volgende: ". . . sodat die strand weer van die dodes stink://stink van die **Joanna** waaruit Engelse spoke/snags oor die witsandduine loop/verby Die Kelders na die Kaap,/en perlemoen of 'n gesteelde skaap/van agterdogtige strandlopers koop; //van die Nossa Senhora Dos Milagros/se wrakkellinge, die rusiemaak en dros,/die jong seun gelaat om dood te kwyn,/ die verstote Siamese manderyne/wat die brandsiekvel braai van 'n os; //die **Birkenhead**, die vrouens

2. In hierdie en volgende aanhalings is kursiverings deur my, behalwe by die name van bote en skepe.

op die bote,/bale hooi en perde oorboord gestoot; meer as vierhonderd Rooi soldate/neergesuig in runnikende watergate,/maar gedril is tot gelidstaan voor die dood". Dit is dus inderdaad "van toska" af dat skeepsrampe lewens eis: beide die Joanna en die Nossa Senhora Dos Milagros het immers in die sewentiende eeu reeds vergaan (op 8 Junie 1682 en 16 April 1686 onderskeidelik), en die Birkenhead ook reeds meer as honderd jaar gelede (op 26 Februarie 1852). Die verwysing na troepe word ook gerugsteun en wel deur die geval van die Birkenhead — vergelyk die gediguittreksel en: "It is generally believed that the captain wished to disembark the **soldiers (on their way to the 8th Frontier War)** as soon as possible; consequently he kept too near to the coast and caused the disaster" (SESA, deel 2, bl. 346). Al hierdie dinge help om 'n soliede, geloofwaardige basis vir die wyer visie van die gedig te bewerkstellig. Hiermee hang saam die feit dat aldrie hierdie historiese skipbreuke plaasgevind het in die omgewing van Danger Point en Kaap Agulhas — in die gebied waar die gedig se basiese insident hom afspeel. Opperman bly dus konsekwent en bou so 'n hegte konstruksie sodat die eksplisiete identifikasie van Doors met dié rampe ook al weer stewiger staan. 'n Mens lees naamlik dat sy geval in bepaalde opsigte was "**soos met die Birkenhead**" en "**soos met die Nossa Senhora Dos Milagros**". Al duideliker word die Doors-insident dus — op gemotiveerde en hegte wyse — binne 'n groter verband geplaas tot 'n mens in die tweedelaaste ook nog weer lees: "Die golwe runnik, bly beangste perde/uit die **Birkenhead**, geligte sterfte;/oor die huppelende duine loop/uit die **Joanna** nog die spoke . . ."

In verband met hierdie drie skeepsrampe, waarmee Doors dan op verskillende wyses verbind word, val nog 'n paar sake op te merk. In die eerste plek is dit opvallend dat woorde wat met dood en verganklikheid te make het telkens in verwysings na hulle gebruik word: "spoke", "dood", "geskaad" en, binne die verband, "gepeusel". Tweedens kom die rampe uit verskillende fases van die skeepsvaartgeskiedenis en word hulle so ook enigermate verteenwoordigend. Laastens het die skepe uit meer as een wêrelddeel gekom: Engeland en Portugal. Die feit van dood en verganklikheid wat in Doors vergestalt word, vind dus 'n parallel in die ander gevalle, kry dus 'n algemener klank, wat dan nog versterk word deur die terugreik tot ver in die verlede en die uitreik na verskillende wêrelddele.

## 2. Die vlak van Doors in sy verhouding tot ander mense.

Die universaliseringsproses voltrek hom ook op die vlak van Doors in sy verhouding tot ander mense. Reeds in strofe een word almal in die omgewing in hulle reaksie betrek by sy verdrinking: "**Die stemming het handomdraai verander** / waar **vissermanne** en **vakansiegangers** / tussen Danger Point en Kaap Agulhas/werskaf of rinkink . . ." Later vind daar 'n nog groter identifikasie met sy lot plaas: "Met hoogwater, saans en soggens vroeg,/loop **naasbestaandes en seebadmense en soek**./Êrens, êrens lê die lyk en bengel,/magteloos in bamboes verstrengel,/en niks wil uitspoel in 'n sloep". Belangrik is ook dat die mense van sy wêreld deur naam en posisie in 'n mate 'n deursneegroep vorm, dus enigsins verteenwoordigend van die mens in die algemeen word. Luister maar: "Vroeër onderwyser, sy ou vriend Loewie Lat/saam grootgeword op

soutsnoek en patats,/tande getrek uit Barskiebos se duinemolle:/drie Lyle's Golden Syrup-blikke vol —/sit tussen die drinkebroers driekwart nat.//Daar's Koos Hoendertoon en Rooi Dael,/ Ou Gert Ketulpie en Stokkies de Waal,/Willem Koek en Petrus Poer,/ Beurs van Zyl, die ryk wynboer/wat kroegpraat soek en vir die drank betaal." En hulle is dan weer met Doors verbind. Hy op sy beurt vind uiteindelik sy laaste rusplek nie alleen nie, maar met nadruk tussen ander, word ook hiër een van baie "Ons het hom in die sanderige kerkhof/langs die see begrawe **by** Anneries Blok,/ Tys Voël en Ferdinando Wip./**by** Jack Horries en ou Kwieklike Knip —/**langs hulle** slaap nou ook Doors Dubbeldop".

Die kulminasie van die verhouding van ander mense tot Doors-in-sydood lê eger in twee ander strofes, ook teen die einde van die gedig. In die een word vertel hoe die mense aanstryk om die laaste eer aan Doors te bewys, maar meteens staan hulle almal self binne die greep van die dood, want hulle kom nie as vriende, broers en susters van **Doors** nie: "Van Barskiebos, as laaste gulde blyk,/van Elim en Napier kom hulle aangestryk:/ duinemolle met suikerkanne,/ seebadmense en vissermanne/-almal vriende, broers en susters **van die lyk**". Binne die verband herinner duinemolle ook aan Anthonis de Roovere se "Vander mollenfeeste" wat ook die gedagte van elke mens se onafwendbare gang na die dood daarstel en waarvan die eerste strofe só lui: "Hoordt, ghy goede lieden al ghemeyne,/Edele, onedele, aarme ende rijke,/Ghy zijt ontboden, groot ende cleyne,/Te trecken in een ander wijcke!/hy is uytghesonden met zijnder pijske,/Des opperste Prinche messagier./ Maecht u ghereedt alle ghelijcke:/Ghy en muecht niet langher bliven hier!" Uiteindelik word die dood 'n bestendige teenwoordigheid vir almal in die gedig: Die golwe runnik,**bly** beangste perde/uit die **Birkenhead**, geligte sterter:/oor die huppelende duine loop/uit die **Joanna** nog die spoke,/ en oor ons die seevoëls: **witswart roukoeverte**".

### 3. Die vlak van die godsdienstige verwysing.

Ten slotte word die geval van Doors deur Bybelse (en ander godsdienstige) verwysings binne 'n universele verband geplaas. 'n Vreemde tegniek by Opperman is dit nie. In "Blom van die baaierd" lees 'n mens byvoerbeeld die volgende van Koen en Ben: "Wil jy 'n vriend nog van jou jeug behou/al kan jy, Koen, nou ryk en regop loop?/Help my dan as dankoffer hier 'n kerkie bou;/ek vra slegs dat jy klippies van my koop — juis jy, want jou alleen kan ek vertrou'.//Die nag toe hulle op die bult mekaar ontmoet/en die geheime speurders nader tree,/klap koeëls deur Broeder Ben se bors en voet . . ./**Lama, lama sabagtani** . . . en uit rewolwermonde druppel bloed". In **Joernaal van Jorik** weer rig Manuel hierdie waarskuwing tot Jorik: "'Wees voorbereid wanneer ons jou kom haal,/selfs gunsteling weet die uur nie eers; /ons kom en gaan word heimelik bepaal/deur welbehae van die Een wat heers'". En presies hierdie selfde gedagte van die onafwendbare, maar vir die mens onbekende tydstop van sterwe en vind 'n mens ook met Doors se begrafnis: "'Waarom is julle bang, o kleingelowiges?/Hy bestraf die winde en die meer . . . 'n groot stilte/het neergekom'. 'Ure, dae, maande, jare'./Groot skaduwolke en wentelende blare./**Die dag van die Here sal kom soos 'n dief**.'" Dié gedagte word op verskillende wyses in verskeie Bybeltekste uitgespreek: Matt. 24:43, Luk. 12:39,

1 Thess. 5:4, Openb. 3:3, Openb. 16:15, en dan 1 Thess. 5:2 en 2 Pet. 3:10 wat die naaste aan die gedigteks kom. Ek haal laasgenoemde aan: “Maar die dag van die Here sal kom soos ’n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand”.

Hierdie algemeen-geldige feit van onbekendheid met, die onverwagsheid van die oomblik van dood word in die gedig egter nie bloot by die Bybelwoord gelaat nie. Dit word vergestalt, gedemonstreer juis deur die Doors-geval. In die eerste strofes lees ’n mens immers: “. . . die see **stil**, **waterpas**-/toe **onverwags** ’n **blinde** brander//Doors se **Bokkie** tref en hy verdrink,/soos honderde reeds voor hom sink,/sink deur **buie** van dié kusgebied, die **drif**/wat lank **stil lê** en dan opbeuk teen ’n rif,// sodat die strand weer van die dodes stink”. Al die vet gedrukte woorde teken die onverwagsheid, die koms van die dood soos ’n dief in die nag, maar nou meer van menslike kant gesien, waar dit vir sommige kan lyk na ’n spel van ’n blinde noodlot (vergelyk ook: “Al ooit so iets gehôr: Doors Dubbeldop/deur ’n **blindsee** uiteindelik omgedop . . .”) en selfs: “die dood het sy **dobbelspel** gespeel,/Doors uitgetrek, sy klere uitgedeel:/sy woltrui aan Loewie Lat./aan Loekie sy rooi krawat/en aan Mekkie sy gelapte broek van koordferweel”). Op dié sieninge lewer die Bybelwoord egter regstellende kommentaar.

Selfs Doors se “voorspelgawe” en sy versigtigheid kon hom van dié dag nie red nie (“Doors verdrink? Hy wat gesigte sien, voorspel/en volgens sy blaasop die weer bestel,/soos toe hy en Loewie Lat die keer/glo verdwaal het in misweer/en die mense aan die wal blikvure stel!//Hy wat die baai reeds vier-en-dertig jaar/rif-rif ken en met die kleinste teken van gevaar —/al spot die manne hom in sy gesig —/heel eerste lyn en lote lig/en veilig voor die ander bakkies kus toe vaar?”). Maar nes Jorik moet hy ook geweet het dat dié dag enige oomblik kon kom, is hy seker ook deur vroeëre verdrinkings aan die altyd-teenwoordige moontlikheid daarvan herinner, soos die ander nou deur sý verdrinking wat die lang geskiedenis van sterwes oproep: “sodat die strand **weer** van die **dodes** stink”.

Vervolgens wat die godsdienstige verwysings betref die woorde “‘Ure, dae, maande, jare’”. Hulle roep Ges. 161 op met sy gedagte van die universele lot van dood en verganklikheid: “Ure, dae, maande, jare/Vlieg soos skadudrome heen,/En die wentelende jare/Gaar verganklikheid alleen. . .” en “Heengegaan het voorgeslagte/en hul kroos bloei op hul graf;/ons ook is dié lot te wagte:/mense val soos blare af. . .” Subtiel word hierdie gedagtes ook opgeroep deur die beeld tussen die verwysings: “Groot **skadukolle** en **wentelende blare**”, waardeur die doods- en verganklikheidsgedagte ook konkreet gestalte kry.

Ten slotte in hierdie verband dan die woorde van Jesus (effens aan-gepas) uit Matt. 8:26: “‘Waarom is julle bang, o kleingelowiges?/Hy bestraf die winde en die meer. . . ’n groot stilte het neergekom’”. Waar Doors egter juis nie in ’n werklike storm omgekom het nie, hou hierdie begrafniswoorde ’n geestelike troos in, waarborg van veiligheid op die “dag van die Here”.

So open Opperman, in en deur die Doors-insident, dan in hierdie

gedig 'n ewigheidsperspektief, teken hy vir ons die mens wat op die aarde leef, maar dan binne die konteks van die ewigheid. In hierdie lig moet 'n mens moontlik ook die slotstrofe verstaan met sy sterre enersyds en sy potjieriet andersyds: "Die vuurtoring se wisselstrale skiet/by Danger Point oor hierdie kusgebied,/en ons soek seewaarts in die duister/na die sterre; drie bane lig; beluister/die periodieke praai van die potjieriet".

---

*Lys van aangehaalde werke.*

1. Potgieter, D. J. (Hoofred.) 1970. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*. Deel 2. Nasou, Kaapstad.
2. Potgieter, D. J. (Hoofred.) 1971. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*. Deel 3. Nasou, Kaapstad.
3. Shaw, Harry. 1972. *Dictionary of literary terms*. McGraw-Hill, New York.